The scheme will be an amendment scheme and contains the following proposals:

"The rezoning of part of Erf 414, Lonehill Extension 9, from "Public Open Space" to "Residential 1".

Particulars of this scheme are open for inspection at Room B310, Civic Centre, Rivonia Road, Sandown, Sandton for a period of four weeks from the date of the first publication of this notice which is 8 July 1987.

Any objection or representations in connection with this scheme shall be submitted in writing to the Town Council of Sandton within a period of four weeks from the abovementioned date.

S E MOSTERT
Town Clerk

PO Box 78001
Sandton
2146
8 July 1987
Notice No 54/1987

1020—8—15

MUNISIPALITEIT ALBERTON

WYSIGING VAN RIOLERINGSVERORDENINGE: 1/4/1/23-1

Die Stadsklerk van Alberton publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit: Die Rioleringsverordeninge van die Munisipaliteit Alberton, deur die Raad aangeleen by Administrateurskennisgewing 1779 van 29 November 1978, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Rioolgelde onder Bylae B van Aanhangsel V soos volg te wysig:

1. Deur Deel III te wysig deur —

(a) in item (a) die syfer "R50,60" deur die syfer "R59,20" te vervang;

(b) in item (b) die syfer "R50,60" deur die syfer "R59,20" te vervang;

(c) in item (c) die syfer "R50,60" deur die syfer "R59,20" te vervang;

(d) in item (d) die syfer "R50,60" deur die syfer "R59,20" te vervang; en

(e) in item (e)(i) die syfer "R55,20" deur die syfer "R59,20" te vervang.

2. Deur Deel IV te wysig deur —

(a) in item 1(2)(b) die formule " $15 + (0,1 \times OA) + (1,15 \times PS) + [0,05 \times (E-100)]$ " deur die formule " $17 + (0,13 \times OA) + (1,35 \times PS) + [0,05 \times (E-100)]$ " te vervang; en

(b) in item 6 die syfers "22c" en "R34,50" onderskeidelik deur die syfers "26c" en "R40,00" te vervang.

3. Deur Deel V te wysig deur die syfer "R55,20" deur die syfer "R64,60" te vervang.

MUNICIPALITY ALBERTON

AMENDMENT TO DRAINAGE BY-LAWS: 1/4/1/23-1

The Town Clerk of Alberton hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance,

nance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter: The Drainage By-laws of the Alberton Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1779, dated 29 November 1978, as amended, are hereby further amended by amending the Sewerage Charges under Schedule B of Annexure V as follows:

1. By amending Part III by —

(a) the substitution in item (a) for the figure "R50,60" of the figure "R59,20";

(b) the substitution in item (b) for the figure "R50,60" of the figure "R59,20";

(c) the substitution in item (c) for the figure "R50,60" of the figure "R59,20";

(d) the substitution in item (d) for the figure "R50,60" of the figure "R59,20"; and

(e) the substitution in item (e)(i) for the figure "R55,20" of the figure "R59,20".

2. By amending Part IV by —

(a) the substitution in item 1(2)(b) for the formula " $15 + (0,1 \times OA) + (1,15 \times PS) + [0,05 \times (E-100)]$ " of the formula " $17 + (0,13 \times OA) + (1,35 \times PS) + [0,05 \times (E-100)]$ "; and

(b) the substitution in item 6 for the figures "22c" and "R34,50" of the figures "26c" and "R40,00" respectively.

3. By amending V by the substitution for the figure "R55,20" of the figure "R64,60".

1033—15

MUNISIPALITEIT ALBERTON

WYSIGING VAN BOUVERORDENINGE: 1/4/1/6-1

Die Stadsklerk van Alberton publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voornoemde Ordonnansie opgestel is.

Die Bouverordeninge van die Munisipaliteit Alberton, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 564 van 2 April 1975, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Aanhangel VI onder Bylae 2 soos volg te wysig:

1. Deur die syfer "R5" deur die syfer "R25" te vervang.

15 Julie 1987

ALBERTON MUNICIPALITY

AMENDMENT TO BUILDING BY-LAWS: 1/4/1/6-1

The Town Clerk of Alberton hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, drafted by the Council in terms of section 96 of the said Ordinance.

The Building By-laws of the Alberton Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 564, dated 2 April 1975, as amended, are hereby further amended by amending Appendix VI of Schedule 2 as follows:

1. By the substitution for the figure "R5" of the figure "R25".

15 July 1987

1034—15

MUNISIPALITEIT ALBERTON

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE: 1/4/1/9-1

Die Stadsklerk van Alberton publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit:

1. Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Alberton deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 84 van 21 Januarie 1987, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

(1) Deur na artikel 8.(2) die volgende by te voeg:

"(3) Wanneer dit nodig is om na 'n meter terug te gaan vir die lesing daarvan omdat toegang daartoe nie in die eerste plek verkry kon word nie, betaal die verbruiker vir elke keer wat teruggegaan word, ten opsigte van elke betrokke verbruikersrekening, die geld wat in die Tarief van Gelde voorgeskryf word; met dien verstande dat indien teruggegaan word om by dieselfde geleentheid ook 'n watermeter te lees, slegs een helfte van die toepaslike geld betaalbaar is."

(2) Deur in artikel 16.(8)(b) die uitdrukking "regulasie C177(4)" deur die uitdrukking "regulasie 5(4) van die Elektriese Installasie Regulasies" te vervang.

2. Die Tarief van Gelde vir die lewering van elektrisiteit van die Munisipaliteit Alberton, afgekondig onder die Bylae by Administrateurskennisgewing 1475 van 30 Augustus 1972, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

(1) Deur in items 1.(2)(b), 2.(2), 2A.(2) en 3.(2) van Deel B die syfer "6,16c" deur die syfer "6,32c" te vervang.

(2) Deur Deel E te wysig —

(a) deur in item 7 die uitdrukking "artikel 17(8)(b)" deur die uitdrukking "artikel 16(8)(b)" te vervang; en

(b) deur na item 8.(2) die volgende by te voeg:

"(3) vir elke verdere poging of lesing ingevolge artikel 8.(3): R2,50."

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree in werking op 1 Julie 1987.

15 Julie 1987

ALBERTON MUNICIPALITY

AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS: 1/4/1/9-1

The Town Clerk of Alberton, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter:

1. The Electricity By-laws of the Alberton Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 84, dated 21 January 1987, as amended, are hereby further amended as follows:

(1) By the addition after section 8.(2) of the following:

"(3) When it is necessary to return to a meter for the reading thereof because access could not be obtained in the first place, the consumer shall pay the charge prescribed in the Tariff of Charges for every such return, in respect of every relevant consumers account; provided that in the event of a return to read a water meter at the same instance only one half of the applicable charge shall be payable."

(2) By the substitution in section 16.(8)(b) for the expression "regulation C177(4)" of the expression "regulation 5(4) of the Electrical Installation Regulations".

2. The Tariff of Charges for the supply of electricity of the Alberton Municipality, published under the Schedule to Administrator's Notice 1475, dated 30 August 1972, as amended, is hereby further amended as follows:

(1) By the substitution in items 1.(2)(b), 2.(2), 2A.(2) and 3.(2)(a) of Part B for the figure "6,16c" of the figure "6,32c".

(2) By amending Part E —

(a) by the substitution in item 7 for the expression "section 17(8)(b)" of the expression "section 16(8)(b)"; and

(b) by the addition after item 8.(2) of the following:

"(3) for every further attempt or reading in terms of section 8.(3): R2,50."

The provisions contained in this notice shall come into operation on 1 July 1987.

15 July 1987

1035—15

MUNISIPALITEIT ALBERTON

WYSIGING VAN SANITÊRE- EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF: 1/4/1/21-2

Die Stadsklerk van Alberton publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit:

Die Sanitêre- en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Alberton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 679 van 26 Junie 1968, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde onder Deel I te wysig deur —

1. in item 4(1) die syfer "R50" deur die syfer "R55" te vervang;

2. in item 4(2)(a) die syfers "R110" en "R82" onderskeidelik deur die syfers "R122" en "R92" te vervang; en

3. in item 4(2)(b) die syfers "R1 100" en "R820" onderskeidelik deur die syfers "R1 220" en "R920" te vervang.

Die bepalings van hierdie kennisgewing tree op 1 Julie 1987 in werking.

ALBERTON MUNICIPALITY

AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF: 1/4/1/21-2

The Town Council of Alberton hereby, in terms of section 101 of the local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter:

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Alberton Municipality, published under Administrator's Notice 679, dated 26 June 1968, as amended, is hereby further amended by amending the Tariff of Charges under Part I by the substitution —

1. in item 4(1) for the figure "R50" of the figure "R55";

2. in item 4(2)(a) for the figures "R110" and "R82" respectively of the figures "R122" and "R92"; and

3. in item 4(2)(b) for the figures "R1 100" and "R820" respectively of the figures "R1 220" and "R920".

The provisions of this notice shall come into operation on 1 July 1987.

1036—15

MUNISIPALITEIT ALBERTON

WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE: 1/4/1/31-2

Die Stadsklerk van Alberton publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit:

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Alberton deur die Raad aange- neem by Administrateurskennisgewing 302 van 8 Maart 1978, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur na artikel 33A(2) die volgende by te voeg:

"(3) Wanneer dit nodig is om na 'n meter terug te gaan vir die lesing daarvan omdat toegang daartoe nie in die eerste plek verkry kon word nie, betaal die verbruiker vir elke keer wat teruggegaan word, ten opsigte van elke betrokke verbruikersrekening, die geld wat in die Tarief van Gelde voorgeskryf word; met dien verstande dat indien teruggegaan word om by dieselfde geleentheid ook 'n elektrisiteitsmeter te lees, slegs een helfte van die toepaslike geld betaalbaar is."

2. Deur Deel I van die Tarief van Gelde onder die Bylae te wysig —

(1) deur paragrawe (a) en (b) van item 1(1) deur die volgende te vervang;

"(a) Vir die lewering van water in grootmaat aan woonstelle of meenthuse, per maand of gedeelte daarvan per woonstel of meenthuis:

Per kℓ of gedeelte daarvan

(i) Vir die eerste 30 kℓ	52,62c
(ii) Vir die volgende 30 kℓ	57,02c
(iii) Daarna	61,42c

(b) Vir die lewering van water, behalwe in grootmaat aan woonstelle of meenthuse, per maand of gedeelte daarvan:

Per kℓ of gedeelte daarvan

(i) Vir die eerste 30 kℓ	52,62c
(ii) Vir die volgende 30 kℓ	57,02c
(iii) Daarna	61,42c

(2) deur na item 3(2) die volgende by te voeg:

"(3) Vir elke verdere poging of lesing ingevolge artikel 33A(3): R2,50."

Die bepalinge in hierdie kennisgewing vervat, tree in werking op 1 Julie 1987.

ALBERTON MUNICIPALITY

AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS: 1/4/1/31-2

The Town Clerk of Alberton hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter:

The Water Supply By-laws of the Alberton Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 302, dated 8 March 1978, as

amended, are hereby further amended as follows:

1. By the addition after section 33A(2) of the following:

"(3) When it is necessary to return to a meter for the reading thereof because access could not be obtained in the first place, the consumer shall pay the charge prescribed in the Tariff of Charges for every such return, in respect of every relevant consumers account; provided that in the event of a return to read an electricity meter at the same instance only one half of the applicable charge shall be payable."

2. By amending Part I of the Tariff of Charges under the Schedule —

(1) by the substitution for paragraphs (a) and (b) of item 1(1) of the following:

"(a) For the supply of water in bulk to flats or townhouses, per month or part thereof, per flat or townhouse:

Per kℓ or part thereof

(i) For the first 30 kℓ	52,62c
(ii) For the next 30 kℓ	57,02c
(iii) Thereafter	61,42c

(b) For the supply of water, excluding water supplied in bulk to flats or townhouses, per month or part thereof:

Per kℓ or part thereof

(i) For the first 30 kℓ	52,62c
(ii) For the next 30 kℓ	57,02c
(iii) Thereafter	61,42c

(2) By the addition after item 3(2) of the following:

"(3) For every further attempt or reading in terms of section 33A(3): R2,50."

The provisions contained in this notice shall come into operation on 1 July 1987.

1037—15

STADSRAAD VAN BEDFORDVIEW

VASSTELLING VAN GELDE VIR ELEKTRISITEITSVOORSIENING

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Bedfordview by Spesiale Besluit die gelde soos in die onderstaande Bylae uiteengesit, met ingang 1 Januarie 1987, vasgestel het.

BYLAE

TARIEF VAN GELDE

1. BASIESE HEFFING

(1) Waar enige erf, standplaas, perseel of ander terrein, met of sonder verbeterings, by die hoof-toevoerleiding aangesluit is, of na die mening van die Raad, daarby aangesluit kan word, word 'n basiese heffing soos volg bereken: 'n Basiese heffingseenheid van R7 per maand of gedeelte daarvan is betaalbaar ten opsigte van die eerste 4 000 m² van sodanige erf, standplaas, perseel of enige ander terrein en daarna ten opsigte van elke verdere 2 000 m² tot 'n maksimum van vyf basiese heffingseenhede vir elke sodanige erf, standplaas, perseel of enige ander terrein:

Met dien verstande dat —

(a) waar die elektrisiteitstoever aan 'n blok woonstelle in grootmaat gemeet word, die basiese heffing soos volg bereken word: 'n Basiese heffingseenheid van R7 per maand of gedeelte daarvan is betaalbaar ten opsigte van elke woonstel, plus een basiese heffingseenheid van

R7 vir elke vyftig woonstelle of gedeelte daarvan in genoemde woonstelblok;

(b) landbouhoeves wat ingevolge die Landbouhoeven (Transvaal) Registrasie Wet, 1919 (Wet 22 van 1919), geregistreer is, geregtig is op 'n afslag van 25 % op die basiese heffing, betaalbaar ten opsigte van sodanige landbouhoeves;

(c) waar enige erf, standplaas, perseel of enige ander terrein deur meer as een verbruiker aan wie die Raad elektrisiteit verskaf, geokkupeer word, basiese heffings vir elektrisiteit gehef word ten opsigte van elke sodanige verbruiker, vir die doel van hierdie subparagraaf word die woord "verbruiker" geag dieselfde betekenis te hê as wat dit in artikel 83(1)(c)(iii) van Ordonnansie 17 van 1939 het.

(2) Die basiese heffing is betaalbaar deur die persoon wat 'n ooreenkoms met die Raad aangegaan het vir die verskaffing van elektrisiteit ten opsigte van enige erf, standplaas, perseel of ander terrein: Met dien verstande dat waar geen sodanige ooreenkoms aangegaan is nie, die eienaar van sodanige erf, standplaas, perseel of ander terrein genoemde basiese heffing moet betaal.

2. GELDE VIR DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT

(1) Huishoudelike Verbruikers:

Hierdie tarief is van toepassing op verbruikers hieronder uiteengesit, en wat vir die lewering van elektrisiteit betaal ingevolge paragrawe (a) en (b): Private woonhuise, woonstelle en ander verbruikers soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word:

(a) 'n Basiese heffing ingevolge item 1; plus

(b) 'n energieheffing van 8,30c per kW.h vir alle elektrisiteit gedurende die maand verbruik.

(2) Handelsverbruikers:

(a) Hierdie tarief is van toepassing op die volgende:

(i) Alle verbruikers by laespanning aangesluit, uitgesonderd verbruikers genoem in subitem (1) van wie die lading, soos deur die ingenieur bepaal, minder as 100 kV.A is.

(ii) Waar die lading meer as 100 kV.A is, kan die Raad besluit om op dié tarief elektrisiteit te voorsien.

(iii) Enige ander verbruiker soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

(iv) Tydelike verbruikers en hoofwegbelasting.

(b) Die volgende gelde is betaalbaar; per maand:

(i) 'n Maandelikse basiese heffing ingevolge item 1; plus

(ii) 'n energieheffing van 12,40c per kW.h vir alle elektrisiteit gedurende die maand verbruik.

(3) Grootmaatverbruikers:

(a) Hierdie tarief is van toepassing op die volgende:

(i) Alle verbruikers by hoëspanning aangesluit en spesiale handelsverbruikers by laespanning aangesluit met 'n groter verbruik as 100 kV.A soos deur die Raad vasgestel.

(ii) Enige ander verbruiker soos die Raad van tyd tot tyd mag vasstel:

(b) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand:

(i) 'n Basiese heffing ingevolge item 1; plus

(ii) 'n Maandelikse maksimum aanvraag heffing van R18,80 per kV.A; plus

(iii) 'n energieheffing van 5c per kW.h vir alle elektrisiteit gedurende die maand verbruik.

(4) Buitespitstyd — Lewering:

'n Spesiale buitespitstyd — lewering aan verbruikers soos die Raad mag vasstel, onderhewig daaraan dat elektrisiteit slegs gelever word gedurende sulke buitespitstye soos deur die ingenieur bepaal (tussen 21h00 en 07h00 maar die tye mag wissel soos omstandighede vereis).

Tarief: 7,30c per kW.h.

(5) Munisipale Lewering:

Elektrisiteit gelever vir munisipale straatligte, verkeersseine en ander munisipale doeleindes word teen koste gehel.

3. MAKSIMUM — AANVRAAGMETERS EN GELDE

Maksimum aanvraagmeters moet deur die Ingenieur goedgekeur word.

4. AANPASSING VAN TARIWE WANNEER EVKOM TARIWE VERHOOG WORD

(1) Energieheffing:

Indien die Evkom energieheffing hoër as 2,7866c per kW.h styg, word die energieheffing vervat in subitems (1) tot en met (3) van item 2 proporsioneel aangepas met 0,2c per kW.h vir elke verhoging van 0,1c of gedeelte daarvan in die Evkom energieheffing.

(2) Toeslag:

Indien Evkom 'n toeslag vanaf 1 Januarie 1987 in werking stel, word die verbruiksheffings in sub-items (1) tot en met (3) van item 2 proporsioneel aangeslaan met 3,75 % vir elke verhoging van 10 % of gedeelte daarvan in die Evkom toeslag.

A J KRUGER
Stadsklerk

Burgersentrum
Posbus 3
Bedfordview
2008
15 Julie 1987

BEDFORDVIEW TOWN COUNCIL

DETERMINATION OF CHARGES FOR ELECTRICITY SUPPLY

In terms of section 80(B)(8) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), it is hereby notified that the Town Council of Bedfordview has, by Special Resolution, determined the charges as set out in the undermentioned Schedule with effect from 1 January 1987.

SCHEDULE

TARIFF OF CHARGES

1. BASIC CHARGE

(1) Where any erf, stand, lot or any other area, with or without improvements, is, or in the opinion of the Council, can be connected to the supply main, basic charges shall be calculated as follows: A basic charge unit of R7 per month or part thereof shall be payable in respect of the first 4 000 m² of such erf, stand, lot or any other area, and thereafter in respect of every 2 000 m² up to a maximum of five basic charge units for each such erf, stand, lot or any other area:

Provided that —

(a) where the electricity supply to a block of flats is metered in bulk, the basic charges shall be calculated as follows: A basic charge unit of R7 per month or part thereof shall be payable in respect of each flat, plus one basic charge unit of

R7 for every fifty flats or part thereof in the said block;

(b) agricultural holdings registered in terms of the Agricultural Holdings (Transvaal) Registration Act, 1919 (Act 22 of 1919), shall be entitled to a rebate of 25 % on the basic charges payable in respect of such holdings;

(c) where any erf, stand, lot or any other area is occupied by more than one consumer to whom the Council supplies electricity, basic charges for electricity shall be levied in respect of each such consumer; for the purposes of this paragraph the word "consumer" shall be deemed to have the same meaning as it bears in section 83(1)(c)(iii) of Ordinance 17 of 1939.

(2) The basic charges shall be payable by the person who has entered into a contract with the Council for the supply of electricity in respect of any erf, stand, lot or other area: Provided that where no such contract has been entered into, the owner of such erf, stand, lot or other area shall pay the said basic charges.

2. CHARGES FOR THE SUPPLY OF ELECTRICITY

(1) Domestic Consumers:

This tariff shall be applicable to consumers occupying premises listed below and shall be charged for electricity in accordance with paragraphs (a) and (b): Private dwelling-houses, flats and such other consumers as the Council may determine from time to time:

(a) A monthly basic charge in terms of item 1; plus

(b) an energy charge of 8,30c per kW.h for all electricity consumed during the month.

(2) Commercial Consumers:

(a) This tariff shall be applicable to the following:

(i) All consumers connected at low voltage excluding those mentioned in subitem (1) whose load, as determined by the engineer, is less than 100 kV.A.

(ii) Where the load is greater than 100 kV.A the Council may determine to supply electricity at this tariff.

(iii) Any other consumer as determined by the Council from time to time.

(iv) Temporary consumers and Highway lighting:

(b) The following charges shall be payable, per month:

(i) A basic charge in terms of item 1; plus

(ii) an energy charge of 12,40c per kW.h for all electricity consumed during the month.

(3) Bulk Consumers:

(a) This tariff shall be applicable to the following:

(i) All consumers connected at high voltage plus those special commercial consumers above 100 kV.A as determined by the Council connected at low voltage.

(ii) Any other consumer as the Council may determine from time to time.

(b) The following charges shall be payable, per month

(i) A basic charge in terms of item 1; plus

(ii) A monthly maximum demand charge at R18,80 per kV.A; plus

(iii) an energy charge of 5c per kW.h for all electricity consumed during the month.

(4) Off-Peak Supply:

A special off-peak supply to consumers as the Council may determine, subject to supply only being provided during such off-peak periods as determined by the engineer. (Between 21h00 and 07h00, but this may be varied as circumstances determine.):

Rate at 7,30c per kW.h.

(5) Municipal Supply:

Electricity supplied for municipal street lighting, traffic signals and other municipal purpose shall be charged at cost.

3. MAXIMUM DEMAND METERS AND CHARGES

Maximum demand meters shall be of a type approved by the engineer.

4. ADJUSTMENT OF TARIFFS WHEN ESCOM CHARGES ARE INCREASED

(1) Energy charge:

In the event of the Eskom energy charge being increased above 2,7866c per kW.h the energy charges contained in subitems (1) up to and including (3) of item 2 shall be adjusted proportionately by 0,2c per kW.h for every 0,1c or part thereof increase in the Eskom energy charge.

(2) Surcharge:

In the event of Eskom introducing a surcharge effective from 1 January 1987, the consumption charges contained in subitems (1) up to and including (3) of item 2 shall be surcharged proportionately by 3,75 % for every 10 % or part thereof increase in the Eskom surcharge.

A J KRUGER
Town Clerk

Civic Centre
PO Box 3
Bedfordview
2008
15 July 1987

1038—15

STADSRAAD VAN BENONI

VASSTELLING VAN GELDE: OORWEGING VAN AANSOEKE INGEVOLGE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur No 17 van 1939, soos gewysig, dat die Raad by Spesiale Besluit ingevolge die bepalings van artikel 80B(1) die gelde betaalbaar vir ooreweging van aansoeke ingevolge Ordonnansie 15 van 1986 (Dorpsbeplanning en Dorpe 1986), vasgestel het, welke vasstelling op 1 Julie 1987 in werking tree.

'n Afskrif van die Spesiale Besluit van die Raad en volle besonderhede van Gelde waarna hierbo verwys word, is gedurende gewone kantoorure ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantore, Elstonlaan, Benoni, vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar wil aanteken teen die voorgestelde gelde, moet sodanige beswaar skriftelik by die Stadsklerk indien binne veertien dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

N BOTHA
Stadsklerk

Administratiewe Gebou
Munisipale Kantore
Benoni
1501
15 Julie 1987
Kennisgewing No 100/1987

TOWN COUNCIL OF BENONI

DETERMINATION OF CHARGES: CONSIDERATION OF APPLICATIONS BY VIRTUE OF PROVISION OF TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance No 17 of 1939, as amended, that the Council has, by Special Resolution in terms of section 80B(1), determined the charges payable in respect of applications considered by virtue of the provisions of Ordinance 15 of 1986 (Townships and Town-planning), with effect from 1 July 1987.

A copy of the Special Resolution of the Council and full particulars of the Charges will be open for inspection in the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Elston Avenue, Benoni, for a period of 14 days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who is desirous of recording his objection to the Charges must lodge such objection in writing with the undersigned within 14 days of the publication of this notice in the Provincial Gazette.

N BOTHERA
Town Clerk

Administrative Building
Municipal Offices
Benoni
1501
15 July 1987
Notice No 100/1987

1039—15

STADSRAAD VAN BRAKPAN

SLUITING VAN GEDEELTE VAN EERSTEWEG, WITPOORT ESTATES AANGRENSEND AAN HOEWES 11, 12, 13, 61 EN 62 WITPOORT ESTATES

Kennis geskied hiermee ingevolge artikels 67 en 79(18) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Brakpan van voorneme is om 'n gedeelte van Eersteweg, Witpoort Estates aangrensend aan Hoewes 11, 12, 13, 61 en 62 Witpoort Estates Landbouhoewes permanent te sluit en te vervreem.

'n Plan wat die straatgedeelte aantoon en nader besonderhede oor die voorgestelde sluiting en vervreemding lê ter insae in die kantoor van die ondergetekende tydens gewone kantoorure.

Enige persoon wat beswaar wil maak teen die sluiting van die betrokke straatgedeelte en/of die vervreemding daarvan en/of 'n eis om vergoeding het indien die sluiting uitgevoer word, moet sy beswaar en/of eis na gelang van die geval skriftelik by die ondergetekende indien nie later nie as 15 September 1987.

G ESWART
Stadsklerk

Stadhuys
Brakpan
15 Julie 1987
Kennisgewing No 63/1987

TOWN COUNCIL OF BRAKPAN

CLOSING OF A PORTION OF FIRST ROAD, WITPOORT ESTATES ADJACENT TO HOLDINGS 11, 12, 13, 61 AND 62 WITPOORT ESTATES AGRICULTURAL HOLDINGS

Notice is hereby given in terms of sections 67 and 79(18) of the Local Government Ordinance,

1939, as amended, that it is the intention of the Town Council of Brakpan to permanently close a portion of First Road, Witpoort Estates adjacent to Holdings 11, 12, 13, 61 and 62 Witpoort Estates Agricultural Holdings and to alienate same.

A plan showing the street portion concerned and further particulars on the closing and alienation lie open to inspection at the office of the undersigned during ordinary office hours.

Any person who wishes to object to the closing of the street portion concerned and to the alienation thereof and/or who should have a claim should the closing be carried out should lodge his claim and/or objection with the undersigned not later than 15 September 1987.

G ESWART
Town Clerk

Town Hall
Brakpan
15 July 1987
Notice No 63/1987

1040—15

STADSRAAD CHRISTIANA

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VAN VASGESTELDE DAE VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1987 TOT 30 JUNIE 1988

(Regulasie 17)

Kennis word hiermee ingevolge artikel 26(2)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die Stadsraad van Christiana ingevolge die bepalings van artikel 21 van gemelde Ordonnansie, die volgende algemene belasting gehef het ten opsigte van die finansiële jaar 1 Julie 1987 tot 30 Junie 1988 op belasbare eiendom in die munisipale gebied van Christiana soos opgeteken in die waarderingslys en/of die voorlopige aanvullende waarderingslys en/of aanvullende waarderingslys vir die jaar waarop sodanige lys van toepassing is:

(a) Op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond: drie sent (3c) in die Rand;

(b) Onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur ingevolge artikel 21(3) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), 'n verdere belasting van sewe sent (7c) in die Rand op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond.

'n Korting van dertig persent (30 %) word kragtens artikel 21(4) van gemelde Ordonnansie toegestaan ten opsigte van grond wat ooreenkomstig die bepalings van die Christiana-dorpsbeplanningskema, 1981 in werking gesoeneer vir "Residensiële 1" doeleindes.

Kragtens die bepalings van artikel 26(1)(b) van gemelde Ordonnansie, is die verskuldigde bedrag ten opsigte van belasting deur die eienaar van die belasbare eiendom betaalbaar in twaalf (12) gelyke opeenvolgende maandelikse paaiemente waarvan die eerste paaiement betaalbaar sal wees op of voor 10 Augustus 1987, en alle daaropvolgende paaiemente op of voor die 10de dag van elke daaropvolgende maand, welke dag geag word die "vasgestelde dag" te wees vir elke onderskeie maand soos beoog in artikel 26(1) van gemelde Ordonnansie. Rente kragtens artikel 50A van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 27(2) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977, sal gehef word op alle agterstallige bedrae wat na die vasgestelde dag betaal word, teen die maksimum koers soos van tyd tot tyd vasgestel deur die Administrateur. Wanbetalers is onderhewig aan regsprosedes vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

Alle belastingbetalers wat nie rekenings vir voorgaande ontvang nie, word versoek om met die Stadstoesourier se departement in verbinding te tree, aangesien die feit dat geen rekening ontvang is nie, hulle nie van aanspreeklikheid vrywaar nie.

A J CORNELIUS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 13
Telefoon 2206/7/8
Christiana
15 Julie 1987
Kennisgewing No 26/1987

TOWN COUNCIL OF CHRISTIANA

NOTICE OF GENERAL RATE AND OF FIXED DAYS FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY 1987 TO 30 JUNE 1988

(Regulation 17)

Notice is hereby given in terms of section 26(2)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the Town Council of Christiana has been levied in terms of section 21 of the said Ordinance the following general rate in respect of the financial year 1 July 1987 to 30 June 1988 on rateable property in the municipal area of Christiana recorded in the valuation roll and/or provisional supplementary valuation roll and/or supplementary valuation roll:

(a) On the site value of any land or right in land: three cents (3c) in the Rand;

(b) Subject to the approval of the Administrator in terms of section 21(3) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), an additional rate of seven cents (7c) in the Rand on the site value of any land or right in land.

A rebate of thirty persent (30 %) will be granted in terms of section 21(4) of the said Ordinance in respect of land which in terms of the Christiana Town-planning Scheme, 1981 in operation is zoned for "Residential 1" purposes.

In terms of section 26(1)(b) of the said Ordinance, the amount due for rates shall be payable by the owner of the said rateable property in twelve (12) equal monthly instalments, the first being payable on or before the tenth (10th) day of August 1987 and thereafter on or before the 10th day of every subsequent month, which day will be the "fixed day" for every respective month as contemplated in section 26(1) of the said Ordinance.

Interest calculated at the maximum rate determined from time to time by the Administrator in terms of section 50A of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 27(2) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977, shall be charged on all arrear amounts paid after the fixed day. Defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

All rate payers who do not receive accounts for the above are requested to inform the Town Treasurer's Department, as the non-receipt of accounts does not relieve them from liability for payment.

A J CORNELIUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 13
Tel 2206/7/8
Christiana
15 July 1987
Notice No 26/1987

1041—15

STADSRAAD VAN CHRISTIANA

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN
GELDE: VERSKEIE DIENSTE

Daar word hierby kennis gegee ingevolge die bepalings van artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), dat die Stadsraad van Christiana by Spesiale Besluit, die vasstelling van gelde, soos hieronder gespesifiseer, gewysig het:

- (1) Sanitêre- en Vullisverwyderingtariewe.
- (2) Watervoorsieningstariewe (Huishoudelik).
- (3) Riolerings- en Suigtenktariewe.
- (4) Elektrisiteitstariewe.

Die algemene strekking van die wysigings is 'n verhoging van tariewe. Die wysigings van die vasstelling van gelde tree in werking op 1 Julie 1987.

Afskrifte van die wysigings van die vasstelling van gelde lê ter insae gedurende kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantore, Christiana vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wil aanteken, moet dit skriftelik binne veertien (14) dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende indien.

A J CORNELIUS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 13
Christiana
2680
15 Julie 1987
Kennisgewing No 27/1987

TOWN COUNCIL OF CHRISTIANA

AMENDMENT TO DETERMINATION OF
CHARGES IN RESPECT OF SEVERAL
SERVICES

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), that the Town Council of Christiana has by Special Resolution amended the determination of charges as specified below:

- (1) Sanitary and Refuse Removal Tariffs.
- (2) Water Supply Tariffs (Domestic).
- (3) Sewerage and Vacuum Tank Removals.
- (4) Electricity Tariffs.

The general purport of the amendment is the increase of tariffs. The amendments to the determination of charges shall come into effect as from the 1 July 1987.

Copies of the amendments to the determination of charges are open for inspection during office hours at the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Christiana, for a period of fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person desirous to lodge an objection to the said amendments must do so in writing to the undersigned within fourteen (14) days after the

date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

A J CORNELIUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 13
Christiana
2680
15 July 1987
Notice No 27/1987

1042—15

STADSRAAD VAN EDENVALE

WYSIGING VAN DIE TARIEF VAN
GELDE: GEMEENSKAPSENTRUM

Daar word hierby ingevolge artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Raad by Spesiale Besluit die Tarief van Gelde: Gemeenskapsentrum gewysig het met ingang 1 Julie 1987.

Die algemene strekking van die wysiging is 'n aanpassing van die Tarief van Gelde en 'n verhoging van tariewe.

Afskrifte van al hierdie wysigings lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie hiervan, naamlik 15 Julie 1987.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken, moet dit skriftelik by die ondergetekende doen nie later nie as 29 Julie 1987.

F J MÜLDER
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 25
Edenvale
1610
15 Julie 1987
Kennisgewing No 57/1987

TOWN COUNCIL OF EDENVALE

AMENDMENT TO THE TARIFF OF
CHARGES: COMMUNITY CENTRE

It is hereby notified in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council has by Special Resolution amended the Tariff of Charges: Community Centre with effect from 1 July 1987.

The general purport of this amendment is an adjustment of the Tariff of Charges and the raising of tariffs.

Copies of all these amendments are open to inspection at the office of the Council for a period of fourteen days from the date of publication hereof, namely 15 July 1987.

Any person who desires to record his objections to the said amendments must do so in writing to the undermentioned not later than 29 July 1987.

F J MÜLDER
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 25
Edenvale
1610
15 July 1987
Notice No 57/1987

1043—15

STADSRAAD VAN EDENVALE

WYSIGING VAN STRAAT EN DIVERSE
VERORDENINGE

Dit word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Raad voornemens is om die Straat en Diverse Verordeninge te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om die bergingsgeld betaalbaar aan die Raad waar enige kruidenierswaentjie wat in enige straat of in 'n publieke plek gelaat is en deur die Raad verwyder en gestoor is, te verhoog.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van publikasie hiervan naamlik 15 Julie 1987.

Enige persoon wat beswaar teen bogenoemde wysigings wens aan te teken, moet dit skriftelik nie later nie as 29 Julie 1987 by die ondergetekende doen.

F J MÜLDER
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 25
Edenvale
1610
15 Julie 1987
Kennisgewing No 58/1987

TOWN COUNCIL OF EDENVALE

AMENDMENT TO STREET AND MISCELLANEOUS BY-LAWS

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council intends amending the Street and Miscellaneous By-laws.

The general purport of the amendment is to raise the storage charge payable to the Council in respect of grocery trolleys which were left or abandoned in any street or in public places and have been removed and stored by the Council.

Copies of the amendment are open to inspection at the offices of the Council for a period of 14 days from the date of publication hereof namely 15 July 1987.

Any person who desires to record his objection to the said amendments, must do so in writing to the undermentioned not later than 29 July 1987.

F J MÜLDER
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 25
Edenvale
1610
15 July 1987
Notice No 58/1987

1044—15

STADSRAAD VAN ELLISRAS

WYSIGING VAN VERSKEIE VERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge die bepalings van artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Ellisras by Spesiale Besluit die onderstaande tariewe met ingang 1 Julie 1987 vasgestel het.

I. ELEKTRISITEIT**1. Basiese heffing per Jaar.**

(1) Ellisras Dorp, Uitbreidings 1, 2 en 7: R156,00.

(2) Alle ander uitbreidings: R132,00.

(3) In geval daar meer as een aansluiting op dieselfde erf of eiendom is, is die eienaar van sodanige perseel, benewens die gelde in subitem (1) en (2) genoem, aanspreeklik vir die betaling van 'n minimum geld van R60,00 per jaar vir elke bykomende aansluiting op die perseel.

2. Gelde vir die Lewering van Elektrisiteit.**(1) Huishoudelike verbruikers:**

(a) Energieheffing per kW.h: 8,50c.

(b) Diensheffing: geen.

(2) Handels-, nywerheids- en Algemene Verbruikers:

(a) Energieheffing, per kW.h: 8,50c.

(b) Diensheffing: geen.

(3) Grootmaatverbruikers:

(a) Energieheffing per kW.h: 4,50c.

(b) Diensheffing: geen.

(c) Aanvraagheffing, per kV.A van 15 minute se maksimum aanvraag onderworpe aan 'n minimum heffing van 40 kV.A (R680) per maand: R17,00.

(4) Tydelike Verbruikers:

Energieheffing, per kW.h: 15,00c.

(5) Munisipaal:

(a) Energieheffing, per kW.h: 4,20c.

(b) Diensheffing: geen.

(c) Aanvraagheffing, per kV.A van 15 minute se maksimum aanvraag per maand: R16,95.

(6) Buiteverbruikers:

Tariewe soos van toepassing by 2(1), 2(2) en 2(3) plus 'n 15 % toeslag op totaal.

II. WATER**1. Basiese Heffing per Jaar.**

'n Basiese heffing word gevorder ten opsigte van elke erf wat aangesluit is of, na die mening van die Raad, by die hoofwaterpyp aangesluit kan word, of water verbruik word al dan nie:

(a) Ellisras Dorp en alle ander Uitbreidings: R100,80.

2. Gelde vir die Voorsiening van Water per Maand:**(a) Ellisras Dorp en alle ander uitbreidings:**

(1) Vir die eerste 30 kℓ, per kℓ: 40c.

(2) Bo 30 kℓ tot en met 40 kℓ, per kℓ: 46c.

(3) Bo 40 kℓ tot en met 50 kℓ, per kℓ: 54c.

(4) Bo 50 kℓ tot en met 60 kℓ, per kℓ: 64c.

(5) Bo 60 kℓ, per kℓ: 76c.

(b) Munisipaal.

Per kℓ: 76c.

(c) Buiteverbruikers.

Per kℓ: 95c.

III. RIOOL**1. Basiese Heffing, per Jaar, per Erf.**

(1) Ellisras Dorp, Uitbreidings 1, 2 en 7: R360,00.

(2) Alle ander uitbreidings: R192,00.

(3) Ellisras Uitbreiding 16 (Evkom Dorp): R192,00.

2. Bykomende Heffing, per Jaar, per Erf.

(1) Vir die eerste twee toilette of urinale: R94,00.

(2) Daarna, per toilet of urinaal: R36,00.

3. Rente op agterstallige Riool: 15 % per jaar.

IV. VULLISVERWYDERING**Dienste aan alle persele:**

1. Vir vullisverwydering, twee maal per week, per vullisbak, per jaar.

(a) Huishoudelik: R96,00.

(b) Besighede: R168,00.

2. Spesiale vullisverwyderingsdienste:

Per 1 m³ of gedeelte daarvan: R15,00.

Afskrifte van die wysiging lê ter insae by die kantoor van die Stadsclerk vir 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Besware hierteen moet skriftelik by die Stadsclerk ingedien word binne 14 dae na publikasie hiervan.

D M LOUW
Waarnemende Stadsclerk

Kantoor van die Stadsraad
Ellisstraat
Privaatsak X136
Ellisras
0555
15 Julie 1987
Kennissgewing No 20/1987

TOWN COUNCIL OF ELLISRAS**AMENDMENT OF VARIOUS BY-LAWS**

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Ellisras by Special Resolution determined the undermentioned tariffs with effect from 1 July 1987.

I. ELECTRICITY**1. Basic Charge per Year.**

(1) Ellisras Town, Extensions 1, 2 and 7: R156,00.

(2) All other extensions: R132,00.

(3) In the event of there being more than one connection on the same erf or property, the owner of such premises shall be liable, in addition to the charges mentioned in subitems (1) and (2) for the payment of a minimum charge of R60,00 per year for each additional connection on the property.

2. Charges for the Supply of Electricity.**(1) Domestic Consumers:**

(a) Consumption charge, per kW.h: 8,50c.

(b) Service charge: nil.

(2) Business, Industrial and General Consumers:

(a) Consumption charge, per kW.h: 8,50c.

(b) Service Charge: nil.

(3) Bulk Consumers.

(a) Consumption charge, per kW.h: 4,50c.

(b) Service charge: nil.

(c) Demand charge, per kV.A of 15 minutes maximum demand: R17,00 subject to a minimum charge of 40 kV.A (R680) per month.

(4) Temporary Consumers:

Consumption charge, per kW.h: 15c.

(5) Municipal.

(a) Consumption charge, per kW.h: 4,20c.

(b) Service charge: nil.

(c) Demand charge, per kV.A of 15 minutes maximum demand: R16,95 per month.

(6) Peri-Urban Consumers:

Tariffs as applicable in 2(1), 2(2) and 2(3) plus an extra 15 % allowance on the total.

II. WATER**1. Basic Charge per Year.**

A basic charge shall be levied in respect of every erf which is or, in the opinion of the Council can be connected to the main. Whether water is consumed or not.

(a) Ellisras Town and all other extensions: R100,80.

2. Charges for the Supply of Water per Month.**(a) Ellisras Town and all other extensions.**

(1) For the first 30 kℓ, per kℓ: 40c.

(2) Over 30 kℓ up to and including 40 kℓ, per kℓ: 46c.

(3) Over 40 kℓ up to and including 50 kℓ, per kℓ: 54c.

(4) Over 50 kℓ up to and including 60 kℓ, per kℓ: 64c.

(5) Over 60 kℓ, per kℓ: 76c.

(b) Municipal.

Per kℓ: 76c.

(c) Peri-Urban Consumers.

Per kℓ 95c.

III. SEWERAGE SERVICES**1. Basic Charge, per Year, per Erf.**

(1) Ellisras Town and Extensions 1, 2 and 7: R36,00.

(2) All other extensions: R192,00.

(3) Ellisras Extension 16 (Escom town): R192,00.

2. Additional Charges, per Year, per Erf.

(1) For the first two toilets or urinal: R94,00.

(2) Thereafter per toilet or urinal: R36,00.

3. Interest on Sewerage still outstanding: 15 % per Year.

IV. REFUSE REMOVAL SERVICES**Services to all premises:**

1. For refuse removal, twice weekly, per refuse bin, per year:

(a) Domestic: R96,00.

(b) Business: R168,00.

2. Special Refuse Removal Services.

Per 1 m³ or part thereof: R15,00.

Copies of the amendments will be open for inspection at the office of the Town Clerk for a period of 14 days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Objections against the proposed amendments must be lodged with the Town Clerk within 14 days of the publication of this notice.

D M LOUW
Acting Town Clerk

Office of the Town Council
Ellis Street
Private Bag X136
Ellisras
0555
15 July 1987
Notice No 20/1987

1045—15

STADSRAAD VAN FOCHVILLE

WYSIGING VAN GELDE BY SPESIALE
BESLUIT EN WYSIGING VAN VERORDE-
NINGE BETREFFENDE VASTE AFVAL
EN SANITEIT

A. Kennis geskied hierby ingevolge artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Fochville by Spesiale Besluit, die gelde wat vir die voorsiening van water en elektrisiteit, die lewering van riolerings-, vullisverwydering- en abattoir-dienste vasgestel is, met ingang van 1 Julie 1987 gewysig het ten einde sodanige gelde op datum en in verhouding met hiedendaagse kostes te bring.

B. Kennis geskied hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Fochville van voornemens is om die Verordeninge Betreffende Vaste Afval en Saniteit afgekondig by Administrateurskennisgewing 501 van 28 Maart 1984, soos gewysig, vanaf 1 Julie 1987 verder te wysig deur die okkupant in plaas van die eienaar van 'n erf waarop afval ontstaan, aanspreeklik te hou vir die betaling van die koste vir die verwydering van die afval deur die Raad.

Afskrifte van die besluite en besonderhede van die wysigings lê gedurende kantoorure ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantoor, Fochville, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van die publikasie hiervan.

"fabrieksverpakte voedsel" is voedsel wat voorberei, vervaardig en verpak is op 'n perseel wat oor 'n toepaslike voedselvervaardigerlisensie, soos omskryf in die Ordonnansie op Lisensies No 19 van 1974, beskik;

"goedgekeur", "toereikend", "voedsel" en "voedingsmiddel" soos omskryf in die Standaard Voedselhanteringsverordeninge deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1210 van 1 Augustus 1973, soos gewysig;

"mediese gesondheidsbeampte" soos omskryf in die Standaard Voedselhanteringsverordeninge;

"perseel" soos omskryf in die Standaard Voedselhanteringsverordeninge, maar dit omvat nie 'n voertuig, struktuur, drawinkeltjie of houder of enigiets anders waaruit of vanwaar 'n voedselsmous kragtens hierdie verordeninge, kan smous nie;

"raad" die Stadsraad van Roodepoort dié Raad se Bestuurskomitee wat handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiezings), 1960, aan hom gedelegeer is, en enige beampte aan wie die Bestuurskomitee ingevolge die bepalings van subartikel (2) van genoemde artikel op gesag van die Raad die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan delegeer, en dit inderdaad gedelegeer het;

"roomys" en "sorbet" soos omskryf in die regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972);

"smous" of "voedselsmous" 'n persoon wat ingevolge die Ordonnansie op Lisensies (Ordonnansie 19 van 1974) 'n smouslisensie besit om voedsel of voedingsmiddels te verkoop, of te verruil, of vir verkoop of ruil aan te bied of uit te stal;

"toebroodjie" een of meer snye brood, 'n middeldeurgesnyde broodrolletjie, hetsy ge-rooster al dan nie, met 'n laag ander voedsel daarop of daartussen;

"vereis", vereis na die mening van die Mediese Gesondheidsbeampte met inagneming van die redelike openbare gesondheidsvereistes in die besonder geval;

"voedseloutomate" enige muntoutomate of ander outomatiese masjien of toestel waardeur voedsel regstreeks aan die verbruiker gelever of beskikbaar gestel word;

"voedselsmous" 'n marskramer of 'n venter of iemand wat hetsy as prinsipaal, agent of werknemer enige voedingsmiddel verkoop of voorsien,

of dit te koop aanbied of uitstal, uitgesonderd in of op 'n vaste perseel;

"voertuig" is enige vervoermiddel waarin of waarop voedsel vervoer word hetsy so 'n voertuig meganies aangedryf word al dan nie en sluit houters wat rondgedra of gestoot word in;

"worsbroodjie" 'n toebroodjie wat bestaan uit 'n worsie in 'n oop- of middeldeurgesnyde of 'n deurgesteekte broodrolletjie;

BESTEK VAN VERORDENINGE

2. Ondanks andersluidende bepalings van die raad se Voedselhanteringsverordeninge, kan voedsel, soos hierna bepaal, in 'n voedseloutomaat opgeberg, of deur middel daarvan gelewer word, en deur 'n voedselsmous opgeberg en verkoop word, na gelang van die geval. Die bepalings van hierdie verordeninge word andersins vertolk as synde aanvullend te wees tot die raad se Voedselhanteringsverordeninge en Publieke Gesondheidsverordeninge en doen nie afbreuk daaraan nie.

DEEL 1: VOEDSELOUTOMATE

GOEDKEURING

3. Niemand mag 'n voedseloutomaat bedryf nie tensy:

(a) Dit goedgekeur en stofdig is; en

(b) die posisie waarop dit bedryf gaan word, goedgekeur is.

SKOONMAAK

4. Die beheerder van 'n voedseloutomaat of roomysmasjien moet toesien dat —

(a) die voedseloutomaat of roomysmasjien te alle tye skoon en ongediertevry is;

(b) die voedseloutomaat en roomysmasjien slegs op sodanige wyse en met sodanige toerusting as wat goedgekeur word, skoongemaak word;

(c) geen ongemagtigde persoon 'n voedseloutomaat of roomysmasjien oopmaak, verstel, herstel, diens of op enige wyse daarmee peuter nie; en

(d) die roomysmasjien voor elke vulling behoorlik skoongemaak moet word.

OPBERGING EN HANTERING VAN VOEDSEL

5. Die beheerder van 'n voedseloutomaat moet toesien dat —

(a) alle houters wat vir die verbruik van voedsel verskaf word, voordat dit gebruik word —

(i) binne-in die voedseloutomaat opgeberg en outomaties daaruit voorsien word; of

(ii) in 'n stof en ongediertevrye leweringshouer waartoe slegs die beheerder toegang het, opgeberg word;

(b) slegs skoon en ongebruikte houters in die voedseloutomaat of leweringshouer geplaas word;

(c) 'n goedgekeurde afvalblik langs elke voedseloutomaat geplaas word;

(d) slegs voedsel wat in 'n goedgekeurde en gelisensieerde perseel vervaardig of voorberei en verpak is in 'n voedseloutomaat geplaas en deur middel van so 'n voedseloutomaat verkoop word;

(e) alle bederfbare voedsel, teen hoogstens 10°C of sodanige laer temperatuur wat vereis mag word in die geval van voedsel wat bedoel is om koud verkoop te word en teen laagstens 65°C in die geval van voedsel wat bedoel is om warm verkoop te word, in die voedseloutomaat gehou en daaruit bedien word;

(f) elke voedseloutomaat voorsien is van 'n

apparaat waarmee die heersende temperatuur binne in die kompartement waarin voedsel gehou word aangedui en geregistreer word;

(g) elke houer of verpakking waarin voedsel deur middel van 'n voedseloutomaat voorsien word —

(i) behoorlik verseël is deur die vervaardiger en in sodanige verseëde vorm aan die verbruiker bedien word; en

(ii) die naam en adres van die vervaardiger of verskaffer daarvan asook besonderhede van die inhoud daarvan duidelik leesbaar daarop aangegeve word;

(h) alle voedsel wat in die voedseloutomaat geplaas word op so 'n wyse daarin geplaas word dat dit eers daaruit gelewer of beskikbaar gestel kan word nadat die voorraad wat reeds daarin is, uitgeput is;

(i) indien die verkoelingsmeganisme van 'n voedseloutomaat vir 'n aaneenlopende tydperk van vier uur of langer buitewerking was, alle bederfbare voedsel wat gedurende daardie tydperk in sodanige voedseloutomaat is, daaruit verwyder en vernietig word;

(j) sy naam en adres duidelik leesbaar, onuitwisbaar en op 'n opsigtelike plek aan die buitekant van die voedseloutomaat aangebring is.

ONDERSOEK VAN VOEDSELOUTOMATE

6.(1) Die beheerder moet op versoek van die mediese gesondheidsbeampte 'n voedseloutomaat oopmaak vir ondersoek en die neem van monsters.

(2) Die mediese gesondheidsbeampte mag die gebruik van 'n voedseloutomaat belet indien hy van mening is dat die voedsel wat daaruit voorsien word nie geskik is vir menslike verbruik nie of as sodanige outomaat defektief is.

(3) Die beheerder van 'n voedseloutomaat waarvan die gebruik ingevolge subartikel (2) belet is mag sodanige voedseloutomaat nie gebruik nie totdat die mediese gesondheidsbeampte tevrede gestel is dat die voedsel wat daaruit voorsien sal word wel geskik is vir menslike gebruik of dat sodanige outomaat in 'n behoorlike werkende toestand is.

VERKOOP VAN DRANK IN VERSEËLDE HOUSERS VANUIT MEGANIESE VERKOELERS

7. Die beheerder van 'n verkoeler waaruit drank in verseëde houters verkoop word moet toesien dat:

(a) sodanige verkoeler van 'n goedgekeurde tipe is;

(b) 'n goedgekeurde afvalblik langs elke verkoeler verskaf word.

DEEL 2: VOEDSELSMOUSE

KATEGORIEË VAN VOEDSEL

8.(1) Vir doeleindes van hierdie deel word voedsel waarmee gesmous word in die volgende kategorieë ingedeel:

(a) KATEGORIE A

Vrugte en Groente

(b) KATEGORIE B

Fabrieksverpakte roomys, sorbet, bevrore suikergoed, melk en melkprodukte, vrugtesappe en ander koeldrank wat verkoel moet word.

(c) KATEGORIE C

Lekkers, neut, biltong, soet en sout happies, snoepery, koeldrank wat teen kamertemperatuur geberg kan word, suikerdons en springmielies mits dit in fabrieksverpakte houters is.

(d) KATEGORIE D

Gaar worsies gereed vir gebruik wanneer dit verkoop word, sonder dat enige verdere bereiding nodig is: Met dien verstande dat sodanige worsies verder berei kan word slegs deur dit in warm water te plaas;

Toegedraaide gaar vleispasteitjies, gereed vir onmiddellike verbruik;

Toegedraaide broodrolletjies, worsbroodjies en toebroodjies;

Onafgedopte gekookte eiers;

Tee, koffie en ander voorafverpakte drank; en

Enige ander goedgekeurde voedsel.

(2) Niemand mag met enige ander voedsel as wat in subartikel (1) gespesifiseer word, smous nie tensy dit deur die mediese gesondheidsbeampte goedgekeur is nie.

ALGEMENE VEREISTES VIR VOERTUIG

9.(1) Niemand mag voedsel vanaf of vanuit 'n voertuig smous, tensy sodanige voertuig spesifiek goedgekeur is vir die smous van sodanige voedsel nie.

(2) Die eienaar moet jaarliks vir elke voertuig, drawinkeltjie, fiets, houer of enige tipe artikel wat gebruik word vir die smous van voedsel 'n permit bekom van die gesondheidsdepartement en moet die nommer van die permit op sodanige voertuig, drawinkeltjie, fiets of houer of enige tipe artikel aanbring.

(3) 'n Voertuig, drawinkeltjie of ander houer mag vir geen ander doel as waarvoor dit goedgekeur is, gebruik word nie.

(4) Elke voertuig, drawinkeltjie of ander houer moet sodanig gemaak wees en onderhou word dat geen vloeistof daaruit op die straat of grond sal uitloop nie.

(5) Alle toerusting, toebehore, gerei of toestelle wat saam met of in verband met die smous van voedsel gebruik word moet van 'n goedgekeurde tipe en konstruksie wees.

(6) Elke voertuig, drawinkeltjie of ander houer wat vir of in verband met die smous van voedsel gebruik word moet ten alle tye in 'n skoon en higiëniese toestand wees.

(7) Die naam en adres van die smous namens wie gesmous word en naam van sy gelisensieerde perseel moet duidelik leesbaar en onuitwisbaar op 'n opsigtelike plek op die voertuig, drawinkeltjie of ander houer aangebring word.

ALGEMENE VEREISTES VIR PERSELE

10.(1) Die mediese gesondheidsbeampte mag vir die smous van enige kategorie voedsel vereis dat die voedselsmous 'n vaste perseel moet verskaf waarop gerei, toerusting, voedsel of ander materiaal voorberei, opgeberg of skoongemaak word, in welke geval sodanige perseel aan artikel 2 van die Standaard Voedselhanteringsverordeninge moet voldoen.

(2)(a) Vir elke voertuig wat vir die smous van voedsel goedgekeur is met die uitsondering van fietse en houters wat rondgedra en gestoot word, moet die smous 'n vaste parkeervlak voorsien waar sodanige voertuig parkeer kan word.

(b) Goedgekeurde geriewe vir die was, skoonmaak en berging van voertuie, drawinkel en houters moet voorsien word.

(3) 'n Voertuig, drawinkeltjie of ander houer wat vir die smous van voedsel goedgekeur is en alle toerusting, toebehore, gerei of toestelle bedoel in subartikel 10(1) mag op geen ander plek as dié bedoel in subartikels 10(2) en 10(3) opgeberg of skoongemaak word nie.

(4) Elke voedselsmous moet ten alle tye 'n goedgekeurde pakkamer met 'n vloeropper-

vlakke van minstens 7 m² wat onder sy alleen en uitsluitlike toesig is, daarstel.

(a) 'n Handwasbak voorsien van 'n skoon voorraad van warm en koue lopende water moet voorsien word.

(b) Papierhanddoeke en vloebare seep in goedgekeurde houers moet by sodanige handwasbak voorsien word.

(c) Afsonderlike goedgekeurde metaal sluitkaste moet vir elke werknemer voorsien word.

(d) Die bepaling van subartikel 9(7) is *mutatis mutandis* op sodanige pakkamer van toepassing.

ALGEMENE VEREISTES TEN OPSIGTE VAN VOEDSEL

11.(1) 'n Voedselsmous mag slegs met voedsel wat op 'n gelisensieerde perseel voorberei is smous: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is op die smous van eiers, groente of vrugte of sodanige ander voedsel as wat die mediese gesondheidsbeampte op aansoek spesifiek mag goedkeur nie.

(2) Geen voedselsmous mag met enige voedsel smous wat ingevolge die bepaling van artikel 8(1) verpak of toegedraai moet wees nie tensy —

(a) sodanige voedsel heeltemal en afsonderlik deur die vervaardiger of bereider in die porsies waarin dit verkoop word, toegedraai of verpak is.

(b) Sodanige omhulsel heel is.

(c) Die naam en adres van die vervaardiger of bereider op sodanige huls verskyn en in die geval van voedsel in Kategorie D ook die inhoud en datum van vervaardiging. Hierdie bepaling is nie van toepassing op voedsel wat ten aanskoue van die verbruiker berei en toegedraai word nie.

(3) Alle bederfbare voedsel wat koud gehou moet word sal teen hoogstens 10°C of sodanige laer temperatuur as wat vereis mag word, gehou word, en voedsel wat warm gehou moet word teen laagstens 65°C.

(4) Elke voedselsmous en persone betrokke by die hantering van voedselware, moet ten alle tye terwyl hulle aan diens is skoon en heel beskermende oorklere van 'n lig- en effekleurige wasbare materiaal met moue van minstens elmsboog-lengte dra.

(5) Bo en behalwe die bogenoemde bepaling moet enige persoon wat met voedsel smous ook:

(a) Ten alle tye 'n goedgekeurde vullishouer verskaf op enige plek waar hy sy besigheid bedryf.

(b) Die ruimte onmiddellik om sy voertuig tot binne 'n redelike afstand skoon en rommelvry hou en moet hy toesien dat sodanige gebied skoon is wanneer hy dit verlaat.

BYKOMENDE VEREISTES: VOEDSELKATEGORIE A

12.(1) Ongeag enige bepaling in hierdie verordeninge, mag niemand met voedsel smous soos omskryf in subartikel 8(1)(a) voedselkategorie A nie, behalwe met 'n goedgekeurde voertuig en moet verder aan die volgende bykomende vereistes voldoen:

(a) Die laairuim moet van metaal of ander goedgekeurde duursame materiaal vervaardig word.

(b) Alle uitstallakke moet van metaal of ander goedgekeurde ondeurdringbare materiaal vervaardig word en moet op so 'n wyse geïnstalleer of gerangskik wees dat dit vrye toegang laat vir skoonmaakdoeleindes.

(2) Geen produk mag op 'n ander plek as in die laairuim van die voertuig uitgestal word nie,

met dien verstande dat deur-tot-deurverkoop vanaf die voertuig, met goedkeuring, van hierdie bepaling vrygestel kan word.

BYKOMENDE VEREISTES: VOEDSELKATEGORIE B

13.(1) Ongeag enige ander bepaling in hierdie verordeninge mag niemand met voedsel smous soos omskryf in subartikel 8(1)(b) voedselkategorie B nie, behalwe met 'n goedgekeurde voertuig en moet verder aan die volgende bykomende vereistes voldoen:

(a) Voertuig

Die binnewande, vloer en dak van die laairuim moet van 'n goedgekeurde, ondeurdringbare, wasbare en duursame materiaal wees.

(b) Houers en Toerusting

(i) Alle houers moet vervaardig wees van 'n stofdigte ondeurdringbare materiaal en van 'n goedgekeurde tipe en konstruksie wees.

(ii) Die binnewande van elke houer moet glad en duursaam wees. Alle nate en voë moet behoorlik verseël wees en hoeke moet rond afgewerk wees sodat dit maklik skoongemaak kan word.

(2) Alleenlik fabriekstogedraaide en -verpakte voedselprodukte in ongeskonde houers, waarin dit deur die vervaardigers daarvan verpak is, mag verkoop word.

(3) Alle roomys, sorbet, bevrore suikergoed of soortgelyke voedsel moet nadat dit gesmelt het, vernietig word en mag nie herbevroes of verkoop word nie.

(4) Elke smous wat met Kategorie B voedsel smous moet ten alle tye oor 'n gelisensieerde besigheidsperseel beskik wat aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Die bepaling van Regulasie R185 kragtens die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977).

(b) Voldoende goedgekeurde verkoeling en vriesfasiliteite moet voorsien word.

(c) Indien die mediese gesondheidsbeampte dit sou vereis moet 'n aparte goedgekeurde werkwinkel en stoorgewone vir sietse en onderdele voorsien word.

BYKOMENDE VEREISTES: VOEDSELKATEGORIE C

14.(1) Ongeag enige ander bepaling in hierdie verordeninge, mag niemand met voedsel smous soos omskryf in subartikel 8(1)(c) voedselkategorie C nie behalwe met 'n goedgekeurde voertuig, en moet verder aan die volgende bykomende vereistes voldoen:

(a) Voertuig

Die binnewande, vloer en dak van die laairuim moet met 'n goedgekeurde ondeurdringbare, wasbare materiaal afgewerk wees.

(b) Houers en drawinkeltjie

(i) Alle houers en drawinkeltjies moet vervaardig wees van 'n ondeurdringbare materiaal en van 'n goedgekeurde tipe en konstruksie wees.

(ii) Die binnewande moet glad afgewerk wees met alle nate en voë behoorlik verseël, en die hoeke moet rond afgewerk wees om skoonmaak te vergemaklik.

(2) Slegs fabriekstogedraaide en -verpakte voedselprodukte in ongeskonde houers, waarin dit deur die vervaardiger verpak is, mag verskaf, te koop aangebied of aan die verbruiker verkoop word.

(3) Die verkoop van springmielies en suikerdons is onderhewig aan die goedkeuring van die mediese gesondheidsbeampte.

BYKOMENDE VEREISTES: VOEDSELKATEGORIE D

15.(1) Ongeag enige ander bepaling in hierdie verordeninge mag niemand met voedsel smous soos omskryf in subartikel 8(1)(d) voedselkategorie D nie, behalwe met 'n goedgekeurde voertuig en moet verder aan die volgende bykomende vereistes voldoen:

(a) Die bestuurskajuit moet heeltemal van die laairuimte geskei wees.

(b) Die binnewande, vloer en plafon van die laairuimte moet met 'n goedgekeurde ondeurdringbare, glad afgewerkte en wasbare materiaal wees.

(c) Alle oppervlaktes waarmee voedsel, hetsy toegedraai of oop, in kontak mag kom, moet van vlekvrystaal of 'n soortgelyke goedgekeurde duursame materiaal wees.

(d) Alle nate en voë moet behoorlik verseël en glad afgewerk wees.

(e) Die binneruim moet so ontwerp wees en die toerusting daarin so geïnstalleer wees dat alle oppervlaktes maklik skoongemaak kan word.

(f) Afsonderlike wasgeriewe, vir die was van gerei en die was van hande respektiewelik, met warm en koue water daarvoor aangelê, moet op sodanige voertuig voorsien word en aan 'n goedgekeurde vuilwaterwegdoenstelsel gekoppel word.

(g) Papierhanddoeke en vloebare seep in goedgekeurde houers moet by die handwasbak voorsien word.

(h) Wanneer ontoegedraaide voedsel op 'n voertuig hanteer word, moet sodanige voertuig so ontwerp en gebou wees dat:

(i) Geen kontak tussen die publiek en die voedsel of die bereider daarvan moontlik is nie;

(ii) minstens 0,8 m² vrye vloerruimte per persoon op die voertuig beskikbaar is;

(iii) en dat die hoogte tussen die vloer en plafon minstens 2 meter moet wees;

(iv) die plafon op 'n goedgekeurde wyse geïsoleer moet wees; en

(v) voldoende ventilasie voorsien is.

(2) (a) Alle drank moet uit 'n goedgekeurde drankoutomaat verkoop word en in goedgekeurde wegdoenbare houers bedien word, of dit moet in verseelde houers wat in behoorlike gelisensieerde perseel gevul is, verkoop word.

(b) Indien suiker of melk nie vooraf by die drankie bygevoeg is nie, moet dit in afsonderlike fabrieksverpakte porsies verskaf word.

(3) Wegdoenbare papiervadoeke wat slegs eenmalig gebruik kan word, moet ten alle tye gebruik word.

(4) Elke smous wat met Kategorie D voedsel smous, sal alleenlik voedsel wat afkomstig is van 'n perseel waarvoor 'n geldige toepaslike kafeehouer- of spysenierslisensie uitgereik is, verkoop met die uitsondering van fabrieksverpakte voedsel, met dien verstande dat die finale braai, verhit of ander goedgekeurde voorbereidingsproses op die voertuig soos hierin omskryf, mag geskied.

DEEL 3: ALGEMENE BEPALINGS EN STRAWWE ALGEMEEN

16. Elke voedselsmous aan wie 'n lisensie ingevolge die Ordonnansie op Lisensies, 19 van 1974, uitgereik is, moet in opdrag van die mediese gesondheidsbeampte sodanige lisensie of 'n permit wat ingevolge artikel 9(2) van hierdie verordeninge toegeken is, toon of vertoon.

ONDERSOEK

17. Enige behoorlik gemagtigde beampte van die Raad kan vir enige doel wat verband hou met die nakoming van alle bepalings van hierdie verordeninge, ten alle redelike tye en sonder kennisgewing vooraf enige perseel, voertuig of struktuur waarop of waarin voedsel hanteer word, of ten opsigte waarvan sodanige amptenaar redelike grond het om te vermoed dat voedsel daarin of daarop hanteer word, binnegaan en sodanige ondersoek, navraag inspeksie en toetse in verband daarmee doen en monstere neem wat hy nodig ag.

DWARSBOMING

18. Iemand wat versuim of weier om toegang te verleen aan 'n beampte van die Raad wat behoorlik by hierdie Verordeninge of deur die Raad gemagtig is om 'n perseel, voertuig of struktuur te betree en te ondersoek as hy versoek om tot sodanige perseel, voertuig of struktuur toegelaat te word, of wat sodanige beampte in die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie verordeninge dwarsboom of wat versuim of weier om inligting te verstrek wat hy wettiglik aan sodanige beampte moet verstrek of wat doelbewus aan sodanige beampte valse of misleidende inligting verstrek, of wat iemand wederegterlik verhinder om sodanige perseel te betree, begaan 'n misdryf.

MISDRYWE EN STRAWWE

19. Iemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen of veroorsaak of toelaat of duld dat iemand anders dit doen, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of by wanbetaling met gevangenisstraf van hoogstens twaalf maande, of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf, en in die geval van 'n voortgesette misdryf word hy aan 'n afsonderlike misdryf vir elke 24 uur of gedeelte van sodanige tydperk waartydens die misdryf voortgesit word, skuldig geag en is strafbaar vir sodanige misdryf met 'n boete van hoogstens R100.

20. Die Verordeninge om die smous van voedsel en lewende hawe te beheer van die Munisipaliteit Roodepoort, afgekondig by Administrateurskennisgewing 2065 van 14 November 1984, word hierby herroep.

A J DE VILLIERS
Waarnemende Stadsklerk

Burgersentrum
Christiaan de Wetweg
Floridapark
Roodepoort
15 Julie 1987
Kennisgewing 41/1987

ROODEPOORT MUNICIPALITY

FOOD-VENDING BY-LAWS

The Town Clerk of Roodepoort hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), publishes the by-laws set forth hereafter, which have been adopted by the Council in terms of section 96 of the aforesaid Ordinance.

INDEX

1. Definitions
2. Scope of By-laws

PART 1: FOOD-DISPENSING MACHINES

3. Approval
4. Cleaning
5. Storage and handling of food

6. Inspection of food-dispensing machines
7. Sale of beverages in sealed containers for mechanical coolers

PART 2: FOOD-VENDORS

8. Categories of foodstuffs
9. General requirements for vehicles
10. General requirements for premises
11. General requirements for foodstuffs
12. Additional requirements: Food category A
13. Additional requirements: Food category B
14. Additional requirements: Food category C
15. Additional requirements: Food category D

PART 3: GENERAL PROVISIONS AND PENALTIES

16. General
17. Inspection
18. Obstruction
19. Offences and penalties

DEFINITIONS

1. For the purpose of these by-laws, unless the context indicates otherwise —

“approved”, “adequate”, “food” and “food-stuffs” shall bear the respective meanings assigned to them in the Standard Food-Handling By-laws; adopted by the City Council under Administrator's Notice 1210 of 1 August 1973, as amended;

“council” means the City Council of Roodepoort that Council's Management Committee acting under the powers delegated to it in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Election), Ordinance 1960, and any officer to whom that Committee has been empowered by the Council in terms of subsection 2 of the said section to delegate and has in fact delegated, the powers, functions and duties vesting in the Council in relation to these by-laws;

“controller” means the person or group of persons who exercise the actual control over the supply of foodstuffs or refreshments from a food dispensing machine or a mechanical cooler;

“factory packed foodstuffs” means any food-stuff which was prepared, manufactured and packed on premises licensed for the applicable commodity in terms of the Licence Ordinance No 19 of 1974;

“food dispensing machine” means any coin-operated or other automatic machine or device from which food is delivered or made available directly to the consumer;

“food vendor” is any hawker or pedlar or any other person who, whether as principle, agent or employee, sells or supplies or offers or exposes for sale any article of food elsewhere than on fixed premises;

“frozen sugar confectionery” means and includes water ices, water suckers and any similar commodity made of water, sweetening ingredients, stabilisers, flavouring substances and colouring matter with or without the addition of fruit or fruit juices;

“hot dog” means a sandwich consisting of a sausage in a split, sliced or pierced bread roll;

“ice cream” and “sherbet” shall bear the respective meanings assigned to them in the regulations made in terms of the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act 54 of 1972);

“medical officer of health” shall bear the

meaning as defined in the Standard Food-Handling By-laws;

“premises” means premises as defined in the Standard Food-Handling By-laws but shall not include a vehicle, structure, tray or receptacle or any other means by which a vendor may vend in terms of these by-laws;

“required” means required in the opinion of the medical officer of health regard being had to the reasonable public health requirements of the particular case;

“sandwich” means one or more slices of bread or a split bread roll, whether toasted or otherwise, with a layer of other food placed on or between them;

“vehicle” means any vehicle, or conveyance whether mechanically driven or not, on — or in — which foodstuffs are conveyed and includes any receptacle, or container which is carried or pushed;

“vend” means to sell, offer or expose for sale any article of food elsewhere than on fixed premises, and vending shall have the corresponding meaning.

SCOPE OF BY-LAWS

2. Notwithstanding anything to the contrary in the Standard Food-Handling By-laws, food may be stored and dispensed by a food-dispensing machine, and stored and sold by a vendor, as the case may be, as hereinafter provided. The provisions of these by-laws are to be considered as supplementary to the Standard Food-Handling By-laws and the Council's Public Health By-laws and do not derogate any part thereof.

PART 1: FOOD-DISPENSING MACHINES

APPROVAL

3. No person shall operate a food-dispensing machine unless:

- (a) it is approved and dust-proof; and
- (b) it is positioned in an approved location.

CLEANING

4. The controller of a food-dispensing or ice cream machine shall ensure that:

- (a) it is maintained in a clean and vermin-free condition;
- (b) it is cleaned only by means of approved methods and equipment;
- (c) no unauthorized person may open, adjust, repair, service, or in any way tamper with it, and
- (d) the ice cream dispensing machine is thoroughly cleaned prior to every filling thereof.

STORAGE AND HANDLING OF FOOD-STUFFS

5. The controller of a food-dispensing machine shall ensure that:

- (a) all containers provided for the consumption of foodstuffs shall prior to their use be —
 - (i) stored inside the machine and automatically discharged therefrom on demand; or
 - (ii) stored inside a dust and vermin-proof dispensing container to which only the controller has access;
- (b) only clean unused containers are inserted in the food-dispensing machine or dispensing container;
- (c) an approved refuse receptacle is provided next to each food-dispensing machine;
- (d) no food other than food manufactured or prepared and packed in approved and licenced premises is inserted in or sold from a food-dispensing machine;

(e) all perishable food is maintained inside and dispensed from the food-dispensing machine at a temperature not exceeding 10°C or such lower temperature as may be required in the case of food intended to be sold cold; and not less than 65°C in the case of food intended to be sold hot;

(f) each food-dispensing machine is fitted with an apparatus which indicates the prevailing temperature and records such temperature inside the compartment containing the foodstuffs;

(g) each container or package in which food is dispensed from a food-dispensing machine;

(i) is properly sealed by the manufacturer and delivered in such sealed form to the consumer; and

(ii) his name and address is inscribed in clearly legible and indelible letters in a conspicuous place on the exterior of the food dispensing machine;

(h) all food inserted in the food-dispensing machine is inserted in such a manner that it can be delivered or made available therefrom only after the stock already therein has been exhausted;

(i) whenever the cooling mechanism of the food-dispensing machine has remained inoperative for a continuous period of four hours or longer, all perishable food stored therein, during such period, is removed therefrom and destroyed;

(j) the food-dispensing machine bears his name and address in a conspicuous place on its exterior, inscribed with durable material in clearly legible letters.

INSPECTION OF FOOD-DISPENSING MACHINE

6.(1) The controller shall at the request of the medical officer of health open the food-dispensing machine for inspection and sampling purposes.

(2) If the medical officer of health has reason to believe that any food supplied by the food-dispensing machine is not fit for human consumption, or that such machine is defective, he may prohibit the use thereof.

(3) The controller of a food-dispensing machine of which the use has been prohibited in terms of subsection (2) may not use such machine until the medical officer of health has been satisfied that the food supplied therefrom will be fit for human consumption and that such machine is in proper working condition.

SALE OF BEVERAGES IN SEALED CONTAINERS FROM MECHANICAL COOLERS

7. The controller of a cooler from which beverages in sealed containers are sold shall ensure that:

(a) such a cooler is of an approved type;

(b) an approved refuse receptacle is provided adjacent to each cooling machine;

PART 2: FOOD-VENDORS CATEGORIES OF FOODSTUFFS

8.(1) For the purposes of this part food vended is divided into the following categories:

(a) CATEGORY A

Fruit and Vegetables

(b) CATEGORY B

Factory packed ice cream sherbet, frozen sugar confectionery, milk and milk products, fruit juices and other beverages that require refrigeration.

(c) CATEGORY C

Sweets, nuts, biltong, sweet- and salty snacks, dainties, beverages which can be stored at room temperature, candy floss and pop corn provided it is factory packed.

(d) CATEGORY D

Pre-cooked sausages, ready for consumption at the time of sale without further preparation; provided that such sausages may be further prepared only by immersion in hot water;

Wrapped pre-cooked meat pies, ready for immediate consumption;

Wrapped bread rolls, hot dogs and sandwiches;

Boiled eggs in their shells;

Tea, coffee and other pre-packed beverages; and

Any other approved food.

(2) No person shall vend any other food than specified in subsection (1) unless approved by the medical officer of health.

GENERAL REQUIREMENTS FOR VEHICLES

9.(1) No person shall vend foodstuffs from any vehicle unless such vehicle is specifically approved for the vending of such food.

(2) The owner shall annually obtain a permit from the health department for each vehicle, tray, bicycle, container or any other article used in the vending of food and shall affix the number of such permit to the article concerned.

(3) A vehicle, tray or any other container shall not be used for any purpose other than that for which it was approved.

(4) Each vehicle, tray or other container shall be so constructed that no liquid can drain therefrom onto the road or ground surface.

(5) All equipment, accessories, utensils and appliances used for or in connection with the vending of food shall be of an approved type and construction.

(6) Each vehicle, tray or other container used for or in connection with the vending of food shall be maintained in a clean and hygienic condition.

(7) The name and address of the food-vendor in whose name food is vended and the name of his licensed premises shall be displayed in clearly legible non erasable letters in a conspicuous place on the vehicle, tray or other container.

GENERAL REQUIREMENTS FOR PREMISES

10.(1) The medical officer of health may for the vending of any category food require the food-vendor to provide fixed premises on which all utensils, equipment, food or related goods are prepared, kept or cleaned in which event such premises shall comply with section 2 of the Standard Food-Handling By-laws.

(2)(a) For each vehicle approved for the vending of food excluding cycles and containers which can be carried or pushed, the food-vendor shall provide a fixed parking area where such vehicle can be parked.

(b) Approved facilities for the washing, cleaning and storage of vehicles, containers or trays must be provided.

(3) A vehicle, tray or any other container approved for the vending of food and all equipment, accessories, utensils and appliances referred to in subsection 10(1) shall not be stored or cleaned on any premises other than those referred to in subsection 10(2) and 10(3).

(4) Every food-vendor shall at all times have under his sole and absolute control an approved storeroom with a floor area of 7 m².

(a) A wash-hand basin with a portable supply of hot and cold running water laid on thereto shall be provided. The vehicle must also be provided with a wash-hand basin.

(b) Paper-towels and liquid soap in approved dispensers shall be provided at such wash-hand basin.

(c) Separate approved metal lockers shall be provided for each employee in the storeroom.

(d) The provisions of subsection 9(7) shall apply mutatis mutandis to such storeroom.

GENERAL REQUIREMENTS CONCERNING FOODSTUFFS

11.(1) A food-vendor may only vend food prepared on licenced premises; provided that this requirement shall not apply to the vending of eggs, fruit and vegetables or such other foodstuffs as may specifically be approved by the medical officer of health on application.

(2) No food-vendor may vend food which must be packed or wrapped in terms of section 8(1) unless —

(a) such food is completely and separately wrapped by the manufacturer or preparer in the portions in which it is to be sold.

(b) such wrapping is intact.

(c) the name and address of the manufacturer or preparer thereof is stated clearly on such wrapping and in the case of foodstuffs in category D also the nature of the contents and the date of manufacture thereof. This requirements is not applicable where food is prepared and wrapped in front of the consumer.

(3) All perishable food that requires refrigeration shall be maintained at a temperature not exceeding 10°C, or such lower temperature as may be required, and not less than 65°C in the case of food to be heated.

(4) Every vendor and person engaged in the handling of foodstuffs shall at all times wear clean and sound overalls of a light and plain coloured washable material which sleeves of at least elbow length whilst on duty.

(5) Over and above the foregoing requirements every person vending food shall:

(a) At all times provide and approved refuse receptable at any place where he conducts his business.

(b) Maintain the area immediately surrounding and within a reasonable distance of his vehicle, clean and free from litter and ensure that such area is clean when he departs therefrom.

ADDITIONAL REQUIREMENTS: FOOD CATEGORY A

12.(1) Notwithstanding any other provisions contained in these by-laws no person shall vend food as described in subsection 8(1)(a) Food category A other than from an approved vehicle and shall further comply with the following additional requirements:

(a) The loading area shall be manufactured from metal or other approved durable material.

(b) All display shelves shall be manufactured of metal or other approved impermeable material and shall be so installed or arranged as to allow adequate access thereto, for cleaning purposes.

(2) No product shall be displayed elsewhere than in the loading area of the vehicle; provided that door to door sales from a vehicle may, with approval, be exempted from this requirement.

ADDITIONAL REQUIREMENTS: FOOD CATEGORY B

13.(1) Notwithstanding any other provisions contained in these by-laws no person shall vend food as described in subsection 8(1)(b) Food category B other than from an approved vehicle and shall further comply with the following additional requirements:

(a) Vehicle:

The internal walls, floor and roof of the loading area shall be of an approved, impermeable, washable and durable material.

(b) Containers and equipment:

(i) All containers shall be manufactured of a dustproof impermeable material and shall be of an approved type and construction.

(ii) The internal surfaces of each container shall have a smooth and durable finish. All joints shall be properly sealed and the corners coved to ensure easy cleaning thereof.

(2) Only factory wrapped and packed food in the intact wrapping or container in which it was enclosed by the manufacturer may be offered for sale.

(3) All ice cream, sherbet, frozen sugar confectionery and similar foodstuffs shall once it has defrosted be destroyed and may not be refrozen or offered for sale.

(4) Each food-vendor vending food in category B shall at all times have a licenced business premises which comply with the following:

(a) Regulation R185 in terms of the Health Act, 1977 (Act 63 of 1977).

(b) Adequate approved refrigeration and freezing facilities shall be provided.

(c) Should the medical officer of health so require, a separate approved workshop and storage facility for bicycles and spares shall be provided.

ADDITIONAL REQUIREMENTS: FOOD CATEGORY C

14.(1) Notwithstanding any other provisions contained in these by-laws no person shall vend food as described in subsection 8(1)(c) Food category C other than from an approved vehicle and shall further comply with the following additional requirements:

(a) Vehicle:

The internal walls, floor and roof of the loading area shall be of an approved smoothly finished impermeable, washable and durable material.

(b) Containers and trays:

(i) All containers and trays shall be manufactured of a durable impermeable material and shall be of an approved type and construction.

(ii) The internal surfaces shall have a smooth finish with all seams and joints properly sealed and all corners coved to simplify the cleaning thereof.

(2) Only factory wrapped and -packed food in the intact wrapping or container in which it was packed by the manufacturer, shall be supplied, offered for sale or sold to the consumer.

(3) The vending of popcorn and candy floss shall be subject to the approval of the medical officer of health.

ADDITIONAL REQUIREMENTS: FOOD CATEGORY D

15.(1) Notwithstanding any other provisions contained in these by-laws no person shall vend food as described in subsection 8(1)(d) Food category D other than from an approved vehicle

and shall further comply with the following additional requirements:

(a) The driver's cab shall be completely separated from the loading area.

(b) The internal walls, floor and ceiling of the loading area shall be of an approved impermeable, smoothly finished and washable material.

(c) All surfaces with which food, whether wrapped or unwrapped, may come in contact with shall be of stainless steel or other similar approved durable material.

(d) All seams and joints shall be properly sealed and smoothly finished.

(e) The interior of the loading area shall be so designed and all equipment to be installed so that all surfaces may be easily cleaned.

(f) Separate washing facilities, for the cleaning of utensils and the washing of hands respectively, shall be provided on the vehicle with hot and cold running water laid on thereto and connected to an approved waste water disposal system.

(g) Paper towels and liquid soap in approved dispensers shall be provided at the wash-hand basin.

(h) Whenever unwrapped foodstuffs are handled on a vehicle, such vehicle shall be so designed and constructed that:

(i) no contact between the public and the food being prepared or the preparer thereof shall be possible;

(ii) at least 0,8 m² of unrestricted floor space per person shall be available on the vehicle;

(iii) the floor to ceiling height is a minimum of two metres (2 m);

(iv) the ceiling is insulated in an approved manner; and

(v) adequate ventilation is provided.

(2)(a) All beverages shall be sold from an approved dispenser and served in approved non-returnable containers, or in sealed containers filled at duly licenced premises.

(b) Should sugar or milk not be initially added to the beverage it shall be provided in separate factory packed portions.

(3) Only single-use disposable paper cloths shall be used at all times.

(4) Each food-vendor vending food listed in Category D, shall only sell foodstuffs obtained from premises for which a valid cafe keeper's or caterer's licence has been issued, with the exception of factory packed foodstuffs, provided that the final roasting or frying or other approved preparation process may be conducted on the vehicle as described herein.

PART 3: GENERAL PROVISIONS AND PENALTIES

GENERAL

16. Every food-vendor who has been issued with a licence in terms of the Licence Ordinance 19 of 1974, shall produce and display such licence or permit which was issued in terms of article 9(2) of these by-laws, on demand of the medical officer of health.

INSPECTION

17. Any duly authorized officer of the Council may for any purpose connected with the carrying out of the provisions of these by-laws, at all reasonable times and without prior notice enter any premises, vehicle or structure in or upon which food is handled or in or upon which such officer has reasonable grounds for suspecting that food is handled and make such examination, enquiry, inspection and test in connection

therewith and take such samples as he deems necessary.

OBSTRUCTION

18. Any person who fails to give or refuses access to any official of the Council duly authorized by these by-laws or by the Council to enter upon and inspect premises, vehicles or structures if he requests entrance to such premises or obstructs or hinders such official in the execution of his duties in terms of these by-laws, or who fails to or refuses to give information that he may lawfully be required to give to such official, or who gives to such official false or misleading information knowing it to be false or misleading, or who unlawfully prevents any other person from entering upon such premises, vehicle or structures, shall be guilty of an offence.

OFFENCES AND PENALTIES

19. Any person who contravenes or fails to comply with or who causes, permits or suffers any other person to contravene or to fail to comply with any provision of these by-laws, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a penalty not exceeding R300, or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding 12 months, or to both such fine and such imprisonment and in the event of a continuing offence, shall be deemed to be guilty of a separate offence for every 24 hours or part of such period during which the offence continues and shall be liable in respect of such offence to a fine not exceeding R100.

20. The Food-vending By-laws of the Roodepoort Municipality, published under Administrator's Notice 2065 dated 14 November 1984, are hereby revoked.

A J DE VILLIERS
Acting Town Clerk

Civic Centre
Christiaan de Wet Road
Florida Park
Roodepoort
15 July 1987
Notice No 41/1987

1076-15

STADSRAAD VAN RUSTENBURG

WYSIGING VAN BEGRAAFPLAASVERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, kennis gegee dat die Stadsraad van voorneme is om die Begraafplaasverordeninge te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om die reservering van grafte, die begrawing van Moslems in die Indiërbegraafplaas, asook tuinmaak en versorging van grafte te reël.

Afskrifte van die wysiging van die verordeninge lê ter insae gedurende kantoorure by Kamer 605, Stadskantore, Burgerstraat, Rustenburg vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant nl 15 Julie 1987.

Enige persoon wat beswaar teen die wysiging wil maak moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen binne veertien (14) dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant nl 15 Julie 1987.

W JERASMUS
Stadsklerk

Stadskantore
Posbus 16
Rustenburg
0300
15 Julie 1987
Kennisgewing No 45/1987

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG

AMENDMENT OF CEMETERY BY-LAWS

It is hereby notified in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Rustenburg intend amending the Cemetery By-laws.

The general purport of the amendment is to make provision for the reservation of graves and niches and the interment of Moslems in the Indian cemetery, as well as the gardening and maintenance of graves.

Copies of the amendment of the by-laws lie for inspection during office hours in Room 605, Municipal Offices, Burger Street, Rustenburg for a period of fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette namely 15 July 1987.

Any person desirous of objecting to the amendment should do so in writing to the Town Clerk, within fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette namely 15 July 1987.

W J ERASMUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 16
Rustenburg
0300
15 July 1987
Notice No 45/1987

1077—15

STADSRAAD VAN RUSTENBURG

BEGRAAFPLAASVERORDENINGE:
VASSTELLING VAN TARIWE

Daar word hierby kennis gegee dat ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Stadsraad van Rustenburg van voorneme is om die begraafplaastariewe te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om tariewe vas te stel.

